

HOOFSTUK 6

ONTLEDING VAN DIE SILLABUS

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is die moontlike verband tussen die denke, taal en kreatiwiteit van die junior sekondêre leerlinge en die algemene stelwerkfoute wat by hulle voorkom, aangedui. Dit is nou belangrik om te weet watter eise die sillabus aan dié drie "bene" van stelwerk stel, sodat vasgestel kan word of die sillabusvoorskrifte en voorligting in pas is met die denk- en taalontwikkeling en kreatiwiteit van dié leerlinge.

Die volgende onderwerpe word vervolgens in hierdie hoofstuk bespreek: 'n Oorsig oor die sillabus onder bespreking (T.O.D.-sillabus vir Afrikaans eerste taal vir st. 5, 6 en 7, 1972, p.3-11) is nodig om as basis te dien vir die bespreking van die volgende: Eise van die sillabus ten opsigte van denke, taal en kreatiwiteit. Daarna word die sillabus getoets aan die inligting wat bekom is. Hierdie inligting, saam met die gevolgtrekkings in vorige hoofstukke, lei dan tot hipoteses oor die denkontwikkeling van die junior sekondêre leerling en die implikasie daarvan vir skriftelike stelwerkonderrig.

6.2 OORSIG OOR DIE SILLABUS ¹⁾

6.2.1 Inleiding (p.3-6)

Die Transvaalse Onderwysdepartement-sillabus vir Afrikaans Eerste Taal standaard 5, 6 en 7 (Junie 1972)

1) Die sillabus wat bespreek word, is die Sillabus vir Afrikaans Eerste Taal, standaard 5, 6 en 7 van die Transvaalse Onderwysdepartement, uitgegee in 1972. Alle bladsyverwysings in hierdie hoofstuk het betrekking op hierdie sillabus.

verklaar dat die doel met stelwerk is om die leerling se taalvaardigheid te ontwikkel en te bevorder (p.3). Volgens die sillabus berus taalvaardigheid op en word dit bevorder deur die volgende soorte oefeninge (p.3-6):

6.2.1.1 Woordeskat en woordgebruik

Sulke oefeninge behels

- . die aflei van die betekenis van pre- en postmorfeme wat in sinne gebruik word;
- . die aanvoel van die betekenis van nuwe woorde in sinsverband;
- . die gebruik van nuwe woorde in verband met betreklik vreemde onderwerpe in die klas;
- . die gebruik van 'n woord se betekenisonderskeidinge in sinne;
- . die vlugtige soek van sinonieme vir bepaalde woorde in sinsverband.

6.2.1.2 Abstrakte redeneervermoë

- . Leer onderskei tussen feite en menings;
- . lei die gevolgtrekking af van 'n aantal feite;
- . die patroon van oorsaak en gevolg na te speur;
- . uitsoek en rangskik van 'n aantal raaisels en hulle antwoorde as dit geskommel is.

6.2.1.3 Ideevlotheid

- . Die vinnige opnoem van moontlike oplossings vir 'n algemene probleem.

6.2.1.4 Woordvlotheid

- . Die maak van vinnige of ernstige rympies, na aanleiding van 'n woord of frase;

. woordspeling, na aanleiding van 'n bepaalde woord.

6.2.1.5 Vlotheid van uitdrukking

. Formuleer dieselfde gedagte op verskillende maniere.

6.2.1.6 Grammatikale gevoeligheid

. Die bou van sinne volgens gegewe sinstrukture.

6.2.1.7 Benoemingsvermoë

. Beskrywing van die waarneembare kwaliteite van 'n voorwerp.

6.2.1.8 Spreek- en skryfvermoë

. Paraatheid om dadelik aan die praat of skryf te gaan oor 'n bepaalde alledaagse onderwerp of voorwerp.

6.2.1.9 Duidelike kommunikasie

. Leesbaarheid: skrif, paragrafering ensovoorts; met ander woorde maak dit maklik en aangenaam vir die oog.

6.2.2 Leerstof: skriftelike stelwerk (p.8-9)

Die sillabus het verder leiding probeer gee oor watter soort stelwerk in die betrokke standaard beklemtoon moet word, sonder om van die ander uit te sluit (p.8). Dit word in tabel 6.1 aangetoon.

TABEL 6.1
STELWERK WAT IN STANDERD 5, 6 EN 7
BEKLEMT OON MOET WORD

TIPE STELWERK	ST. 5	ST. 6	ST. 7
Brief	X	X	X
Kreatiewe (spontane) skryfwerk (i)	X	X	X
Gebruiklike vorme van kommunikasie (ii)	X	X	X
Beskrywende	X	X	X
Verhalende	X	X	X
Feite		X	X
Verslae			
Beredenerende (iii)			

Die sillabusopstellers doen die volgende aan die hand:

- (i) By kreatiewe skryfwerk moet leerlinge aangemoedig word om dikwels oorspronklike prosa, poësie en kort toneelstukkie te skryf.
- (ii) Gebruiklike vorme van kommunikasie sluit in telegramme, uitnodigings, bedankings, kennisgewings, verwelkomings. Daar moet egter nie 'n spesifieke periode vir hierdie werk afgestaan word nie. Dit kan terloops gedurende ander periodes afgehandel word.
- (iii) Beredenerende opstelle moet met literatuurstudie gekorreleer word.

Dit is duidelik dat die sillabusopstellers beoog het om die onderrigmateriaal beter te omlin sodat onderwysers 'n duideliker beeld het van wat onderrig moet word. Die sillabus gaan soos volg voort: Elke tipe opstel (soos hierbo aangedui) behoort gebruik te word om bepaalde faktore van taalvaardigheid te bevorder. Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van hoe die taalvaardigheidsfaktore

by elke tipe stelwerk benut kan word (p.8-9).

TABEL 6.2
 TAALVAARDIGHEIDSFAKTORE WAT BY ELKE
 TIPE STELWERK BENUT KAN WORD

TIPES SKRIFTELIKE STELWERK	TAALVAARDIGHEIDSFAKTORE								
	Woordeskat en woordgebruik	Benoeemingsvermoë	Grammatikale gevoeligheid	Ideevoeltoheid	Woordvloetheid	Vloetheid van uitdrukking	Abstrakte redeneervermoë	Spreek- en skryfvermoë	Duidelike kommunikasie
Brief	X			X	X	X		X	X
Kreatiewe skryfwerk	X		X	X	X	X		X	X
Beskrywings	X	X	X	X	X	X		X	X
Verhale	X		X		X	X		X	X
Artikels (feitelik)	X				X	X		X	X
Verslae	X	X				X		X	X
Beredeneringe	X			X		X	X	X	X

6.2.3 Belangrike riglyne (p.9-11)

Verder gee die sillabus 'n aantal belangrike riglyne (p.9-11):

Kort opstelle, paragrawe, sinne en oefeninge in woordkeuse is doeltreffender as lang opstelle.

Stelwerkperiodes behoort hoofsaaklik gebruik te word

om leerlinge te laat skryf sodat hulle oefening kan kry om hulle gedagtes te formuleer. Terselfdertyd gee dit die geleentheid aan die onderwyser om onmiddellik hulp te verleen.

Onderwysers moet nie 'n opstel te volledig bespreek nie, want dit beperk spontane uiting en neig tot ongewenste uniformiteit.

Die leerling moet gemotiveer word om te skryf; hy moet dus weet wát hy wil sê voordat hy gaan besluit hóé hy dit wil sê.

By elke tipe stelwerk en in elke standaard moet daar progressie wees ten opsigte van:

(i) die lengte van die steloefening, byvoorbeeld een sin, meer-sin, paragraaf, opstel;

(ii) die aard van die onderwerp - in die laer standerds meer konkreet en paraat en in die hoër standerds meer abstrak en bespiegelend, aangesien die tipe stelwerk in 'n mate die moeilikheidsgraad bepaal.

As die onderwerpe abstrak of bespiegelend van aard is, moet veral gewaak word teen moiskrywery, romantisering, vae gevoelsuitinge, moralisering en die gebruik van abstrakte begrippe, met ander woorde die verontagsaming van die konkrete.

Waar die leser of lesersgroep die woordkeuse, inkleding van die boodskap en styl bepaal, moet 'n opdrag in verband met skriftelike stelwerk altyd 'n goed gedefinieerde leser of lesersgroep aandui, byvoorbeeld, kinders in 'n hospitaal, 'n groep atlete, boere, radio-luisteraars, medeskoliere, amptelike instansies, ensovoorts. Soms kan die plek ook die aard en inkleding van die boodskap bepaal, byvoorbeeld die inwoners van 'n

nywerheidsgebied teenoor 'n eensame toringwagter.

Leerlinge moet van tyd tot tyd gedurende stelwerk= periodes kennis maak met die gebruiklike vorme van kommunikasie, soos telegramme, kennisgewings, kort verslae, gelukwense ensovoorts.

Leerlinge behoort voorberei te word vir 'n spesifieke tipe skryfopdrag, alvorens hulle opdrag kry om die opstel/brief te skryf. Skryfopdragte waarin beskrywings ter sake is, sal byvoorbeeld voorafgegaan word deur veelvoudige oefeninge in die beskrywing van voorwerpe, byvoorbeeld een-sindefinisies of kort paragrafies. Opdraggies soos die volgende kan gegee word:

. Beskryf (definieer) 'n potlood (sintuiglik waarneembaar - enkel sintuie - meer sintuie). Hierdie soort oefening loop uit op onder andere 'n beskrywing van 'n persoon of die samestelling en werking van 'n ingewikkelder voorwerp.

Alle steloefeninge word direk in die stelwerkskrif geskryf.

Slegs die langer opdragte wat eindelik deur die leerlinge geskryf of uitgewerk word, word nagesien en bepunt, dit wil sê 4 tot 6 per jaar. Die ander skryfwerk dien as oefening en bied die onderwyser die geleentheid om in die klas probleme te diagnoseer, hulp aan individuele leerlinge te verleen, en om algemene probleme klassikaal reg te stel. Hierdie werk word nie nagesien of bepunt nie. Dit vereis dus dat die onderwyser gedurende hierdie periodes gereeld tussen die leerlinge beweeg om alle probleme so gou moontlik te kan vasstel.

Leerlinge moet so gou as moontlik taal- en stylkultiverende oefeninge doen.

Die sillabus skenk ook aandag aan die sin (p.11):

(i) Aandag moet gegee word aan faktore wat een sin doeltreffender maak as 'n ander - afgesien van die stelwyse, ook nog korrektheid van bou en taalsuiwerheid.

(ii) Stel vas watter leestekens gebruik kan word wanneer die gesproke woord in skrif weergegee word.

Ten slotte oor die paragraaf (p.11):

In plaas van langer skryfopdragte moet dikwels paragrawe geskryf word. Dit kan die begin- of slotparagraaf van 'n stuk stelwerk wees, of dit kan 'n belangrike moment of fase van 'n geheel weergee ... Dan vorm dit 'n eenheid wat in duidelike verband staan met 'n groter geheel. Maar dit kan ook 'n eenheid op sigself wees wanneer dit in 'n aantal goedgeboude sinne enkele gedagtes oor 'n gegewe onderwerp behels. Dan vorm een van die sinne die kern en is die res in ondersteunende verband. So 'n paragraaf is dus nie 'n miniatuuropstelletjie nie, maar 'n entiteit. 'n Enkele sin kan byvoorbeeld maklik uitgebou word tot 'n paragraaf van dié aard.

Waardevolle oefeninge in die verband is verder:

- . die bepaling van die kerngedagtes (kernsinne) van die paragrawe in 'n opstel;
- . die vasstelling van die verband tussen paragrawe (byvoorbeeld kontrasterend of aaneenskakelend);
- . die rangskikking van 'n aantal los paragrawe in logiese verband;
- . die ondersoek van paragrafering in kortverhale en romans.

6.3 ALGEMENE OPMERKINGS OOR DIE SILLABUS

Op hierdie stadium is dit nodig om kortliks 'n paar opmerkings oor die sillabus te maak.

Die sillabus bestaan uit drie afdelings onder die hoofde: Inleiding, leerstof en riglyne.

. Die inleiding handel oor wat genoem kan word die filosofie van stelwerk en behandel die begrip "taalvaardigheid". (par.6.2.1).

. Die tweede afdeling, leerstof, gee in tabelvorm 'n opsomming van die tipes stelwerk wat gedoen moet word (par. 6.2.2).

. Die derde afdeling, riglyne, gee wenke oor metodiek, kontrole en nasien (par.6.2.3).

Gedagtig aan wat met hierdie hoofstuk beoog word, is dit belangrik om op te merk dat daar min direkte "eise" in die sillabus is ten opsigte van denke, taal of kreatiwiteit. Wat wel gebeur, is dat in die drie afdelings soos hierbo uiteengesit, indirekte en implikatiewe eise gestel word. Hierdie opmerking vereis verdere verduideliking:

Die eerste afdeling, in dié studie "die filosofie van stelwerk" genoem (par.6.2.1), bevat 'n lys van soorte oefeninge om taalvaardigheid te bevorder. Die sillabus stel die ontwikkeling en bevordering van taalvaardigheid as die doel van stelwerk (par.6.2.1). Dit wil sê stelwerk is oefening om taalvaardigheid te verbeter en met bogenoemde oefeninge word dieselfde bereik. Die vaardighede wat deur middel van hierdie oefeninge individueel ontwikkel word, word in die geheel in stelwerk betrek. Daar is dus nie 'n wesenlike verskil tussen hierdie oefeninge en stelwerk nie. Eise wat in hierdie afdeling gestel word, sal ook geld vir stelwerk.

Die tweede afdeling gee die tipe stelwerk wat in die verskillende standerds behandel en geskryf moet word (par.6.2.2). Die sillabus is egter nie voorskriftelik nie, want nadat aangedui is watter tipes stelwerk in watter standerds gedoen moet word, word gesê: hierdie

afdelings van stelwerk moet in dié standerds beklemtoon word sonder uitsluiting van die ander, met ander woorde die leerlinge word gekonfronteer met alle tipes stelwerk.

Die derde afdeling (par.6.2.3) het 'n metodologiese strekking. Ook hier kom enkele verwysings voor wat gesien kan word as eise vir stelwerk in die algemeen.

Vervolgens word hierdie drie afdelings en die eise wat daarin gestel word ten opsigte van denke, taal en kreatiwiteit van nader beskou.

6.4 EISE VAN DIE SILLABUS TEN OPSIGTE VAN DENKE

In paragraaf 2.2 het ons tot die slotsom gekom dat denke die vermoë is om stellings of bewerings voort te bring, probleme op te los en idees te vorm. Hierdie vermoëns kom egter op verskillende vlakke voor soos Piaget se navorsing bewys (par.2.3.3), waarvan die hoogste vlak die formeel-operasionele denkvlak is. Om dié denkvlak te bereik, is dit nodig dat die mens sekere vermoëns en vaardighede ten volle moet bemeester. Hulle is die vermoë tot abstrakte denke, deduktiewe redenering, omkering, sosiosentriese denke, kombinering, verifikasie, kompensasie, klassifikasie en desentrering. Verder moet die mens begrip van verhouding bemeester en egosentrisme moet verdwyn (par. 2.3.3.4).

Die doel met hierdie paragraaf is om vas te stel in watter mate die sillabus eise stel ten opsigte van dié vermoëns. Hieruit sal dan duidelik word of die sillabus straks onbillike eise aan die junior sekondêre leerlinge stel ten opsigte van hulle denke.

In paragraaf 6.2.1.2 word verwys na abstrakte redeneervermoë as 'n basis vir taalvaardigheid. Die sillabus vereis dat oefeninge gedoen moet word om redeneervermoë

te verbeter. Sulke oefeninge sluit die volgende in:

- . onderskei tussen feite en menings;
- . lei gevolgtrekkings af;
- . speur die patroon van oorsaak en gevolg na;
- . soek antwoorde vir raaisels.

Hierdie oefeninge is oefeninge in voorstellende denke omdat alles mentaal gedoen moet word.

Paragraaf 6.2.1.3 verwys na ideevlotheid waarmee be=doel word dat idees vinnig voortgebring moet word. Nou is dit so dat mense dit makliker vind om idees op konkrete vlak en met behulp van konkrete voorwerpe voort te bring as met nie-konkrete materiaal. By stelwerk werk 'n mens gewoonlik met nie-konkrete materiaal wat stelwerk dus 'n moeilike denkaktiwiteit maak.

Onder die opskrif, "duidelike kommunikasie" (par. 6.2.1.9) verwys die sillabus na paragrafering. Paragrafering berus op abstrakte denke, deduktiewe redenering en klassifikasie (par.5.5.6), wat beteken dat die sillabus vereis dat 'n leerling abstrak moet kan dink, deduktief moet kan redeneer en moet kan klassifiseer.

Die sillabus skryf ook voor watter tipes stelwerk in die verskillende standerds beoefen moet word: In standaard 5-7 skryf die leerlinge onder andere kreatiewe opstelle en in standaard 6-7 feiteopstelle (par.6.2.2). Die beredenerende opstel word wel nie gespesifiseer nie; maar die sillabus meld duidelik dat bogenoemde opstelle beklemtoon moet word sonder om ander opstelle uit te laat.

Die sillabus vereis dus dat die leerlinge kreatiewe (bespiegelende) opstelle moet skryf (kyk par.5.2.4), maar dit vereis 'n hoë graad van kreatiwiteit (par.5.2.4). Kreatiwiteit is egter 'n hoë vorm van denke (par.4.3.5) en

word in werklikheid slegs by begaafde persone wat reeds die formeel-operasionele denkvlak bereik het, gevind (par.4.7).

Ook in die derde afdeling (par.6.2.3) is daar verwysings na die denke:

"'n Leerling moet weet wat hy wil sê voordat hy gaan besluit hóé hy dit wil sê", verwys na voorstellende denke.

Die moeilikheidsgraad van opstelle soos hulle progressieer van konkreet na abstrak word gegee. Hier word dus verwys na konkrete en abstrakte in stelwerk.

Daar word verder spesifiek verwys na abstrakte, bespiegelende onderwerpe.

Aandag word ook gegee aan paragrafering. Die doel is om die leerlinge oefening te gee om eenheid en samehang in 'n paragraaf te kry en dit vereis abstrakte denke. Daar word ook spesifieke oefeninge in rangskikking van paragrawe voorgestel, dit wil sê klassifikasie.

Afgesien van wat spesifiek hierbo genoem is oor eise wat die sillabus stel in verband met denke, is daar ook ander eise wat minder spesifiek geformuleer is: Vroeër is genoem dat stelwerk 'n denkaktiwiteit is (par.5.2.2). Daarom sal alle fasette van denke en alle denkverskynsels by die skrywe van 'n opstel betrek word. Al word die denkverskynsels dan nie spesifiek genoem nie, is dit logies dat verskynsels soos omkering, die kombinatoriese sisteem, verifikasie, kompensasie, egosentrisme en sentrerings wel in stelwerk sal figureer.

Die sillabus vereis dus spesifiek dat leerlinge

- . abstrak moet kan dink,
- . deduktief moet kan redeneer,
- . idees moet kan voortbring deur voorstellings,

. op abstrakte vlak moet kan klassifiseer, en vereis by implikasie dat alle ander denkvermoëns van die formeel-operasionele fase bemeester is. Die sillabus aanvaar dus dat alle junior sekondêre leerlinge in die formeel-operasionele fase sal wees.

6.5 EISE VAN DIE SILLABUS TEN OPSIGTE VAN TAAL

Een van die geformuleerde doelstellings van stelwerk is om die leerlinge se taalvaardigheid te bevorder (par. 6.2.1), dit wil sê om die leerlinge toe te rus met die nodige woordeskat, kennis van die taalstruktuur en om hulle vertrouwd te maak met metodes en tegnieke om hulle gedagtes duideliker te formuleer. Daarom word spesifieke oefeninge gegee om woordeskat en woordgebruik (par.6.2.1.1), woordvlotheid (par.6.2.1.4), grammatikale insig (par.6.2.1.6), benoemingsvermoë (par.6.2.1.7) en skryfvermoë (par.6.2.1.8) te verbeter en te bevorder. Die veronderstelling is dat oefeninge gegee moet word wat aanpas by die leerling se vlak van ontwikkeling, met ander woorde die moeilikheidsgraad van die oefeninge sal bepaal word deur die leerlinge se taalontwikkeling.

Die probleem lê egter daarin dat die sillabus elders direk of by implikasie sekere opdragte gee wat vereis dat 'n leerling op die formeel-operasionele denkvlak moet wees terwyl hy nog op die konkreet-operasionele denkvlak is. Ter motivering van die bewering die volgende:

In die tweede afdeling van die sillabus (par.6.2.2) word die soorte opstelle in tabelvorm gegee. Hieruit blyk dat konkrete en abstrakte onderwerpe (kyk par.5.2.5) in alle standerds geskryf moet word (par.6.2.2).

In die tabel word verder aangedui dat die gebruiklike vorme van kommunikasie ook aandag moet ontvang. Dit

betrek alle fasette van taalgebruik. Afgesien van woordeskat, woordgebruik en kennis van die struktuur, speel die taalontwikkeling ook 'n rol in goeie kommunikasie, want 'n leerling se taalvermoë word ook bepaal deur die kombinatoriese sisteem, klassifikasievermoë, vermoë om te verbaliseer, te desentreer en om simboliek te verstaan; ook deur die mate waarin hy slaag om egosentriese en verinnerlikte taal te elimineer (par.3.5). Hierdie opdrag vereis dus dat alle leerlinge op die formeel-operasionele denkvlak moet wees.

Die sillabus vereis voorts dat by sommige opdragte 'n goed gedefinieerde leser/lesergroep aangedui moet word (par.6.2.3).

Dié opmerking vereis dat taal aangepas moet word by die persoon aan wie die skrywe gerig word - soms is dit kinders, soms volwassenes. Die meeste onderwerpe dui nie 'n spesifieke leser aan nie, wat dan impliseer dat die leser 'n onderwyser, 'n volwassene, sal wees. Omdat die onderwyser sy eie norm is wat die vlak van taalgebruik betref en waarskynlik op die formeel-operasionele denkvlak is, kan dit maklik gebeur dat hy te hoë eise aan die leerlinge stel en uit die oog verloor dat hulle nog op die konkreet-operasionele denkvlak kan wees.

Die vraag is nou of die sillabusopstellers die denken en taalontwikkeling van die junior sekondêre leerlinge in aanmerking geneem het toe hulle hierdie voorskrifte oor stelwerk gegee het. Soos reeds genoem (par.6.4), maak die sillabus nie onderskeid tussen konkrete en abstrakte opstelle nie, wat beteken dat leerlinge, ongeag hulle taalontwikkeling, taal op formeel-operasionele vlak moet gebruik: Hulle word aangemoedig om sinne te skakel asof hulle die kombinatoriese sisteem ten volle bemeester

het; hoë eise word aan hulle klassifikasievermoë gestel; dit word uit die oog verloor dat selfs volwasse mense probleme het met egosentriese taal, sentrerings, verinnerlikte taal, verbalisering en simboliek.

Uit voorgaande is dit duidelik dat die leerlinge moontlik direk of by implikasie deur onderwerpe en/of deur die leser geforseer word tot 'n hoër vlak van taalgebruik as waartoe hy in staat is.

6.6 EISE VAN DIE SILLABUS TEN OPSIGTE VAN KREATIWITEIT

Die sillabus skryf voor dat kreatiewe (bespiegelende) opstelle in standaard 5, 6 en 7 geskryf moet word (par. 6.2.2). Volgens par.4.6 is dit onmoontlik vir 'n junior sekondêre leerling om die hoogste graad van kreatiwiteit te bereik, hoewel kreatiwiteit in een of ander graad by alle normale mense voorkom (par.4.7). Die redes vir die gebrek aan kreatiwiteit is die volgende:

- . Kreatiwiteit is gebonde aan denke en denkgebreke het 'n remmende effek op kreatiwiteit.
- . Gebrek aan taalvaardigheid, met ander woorde hulle beskik nie oor die taal om hulle gedagtes en emosies te verwoord nie.
- . Afwesigheid van werklike emosionele betrokkenheid. Dit lei dikwels tot onoortuigende beskrywings en melodrama.

In die lig van wat so pas gesê is, lyk dit nie of die sillabus onredelike eise stel nie. Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om te onthou dat elke mens 'n mate van kreatiwiteit besit, maar dat die hoogste graad van kreatiwiteit by relatief min mense gevind word. Hy mag dus nie van die leerlinge meer verwag as waartoe hulle in staat is nie. Derhalwe moet sy opdragte binne die ervaring en vermoë van die leerlinge val en wanneer hy

evalueer, moet hy beseef dat die leerlinge inherente te= kortkomings het wat hulle sal kortwiek wanneer hulle krea= tief moet wees.

6.7 TOETSING VAN DIE SILLABUS AAN DIE DENK-, TAAL- EN KREATIEWE ONTWIKKELING VAN DIE JUNIOR SEKONDÊRE LEERLING

Die junior sekondêre leerlinge bevind hulle op die oorgangstadium tussen die konkreet- en formeel-operasionele denke wat tot gevolg het dat sommige leerlinge nog in die konkreet-operasionele en ander reeds in die formeel-operasionele fase sal wees (par.2.7.1). Opdragte wat formeel-operasionele denke vereis, sal gevolglik moeilik of minstens minder geslaagd uitgevoer kan word.

Ten opsigte van denkontwikkeling word eise gestel wat slegs op formeel-operasionele vlak uitgevoer kan word (par. 6.4). Ten opsigte van taal blyk ook dat onbillike eise gestel word (par. 6.5). Ten opsigte van kreatiwiteit is dit grootliks in die hande van die onderwyser om te voorkom dat te hoë eise gestel word (par.6.6).

Daar is dus rede om te aanvaar dat die sillabus soms onuitvoerbare opdragte aan sommige junior sekondêre leerlinge gee. Die moontlike redes vir die onuitvoerbaarheid van die opdragte word in paragraaf 6.8 gegee.

6.8 GEVOLGTREKKINGS

Die besprekings in die voorafgaande hoofstukke lei nou tot die volgende gevolgtrekkings:

6.8.1 Die feit dat junior sekondêre leerlinge woorde met heeltemal verkeerde betekenis gebruik of andersins woorde wat nie presies hulle gedagtes weergee nie of soms oorbodige woorde gebruik, moet toegeskryf word aan een of meer van die volgende faktore:

- . die leerlinge se onvermoë om abstrak te dink;
- . afwesigheid van sosiosentriese denke;
- . egosentrisme en egosentriese taal;
- . onvermoë om te verbaliseer.

6.8.2 Foutiewe sinsbou, dit wil sê strukture wat afwyk van die algemeen aanvaarde, of onvolledige sinne kom voor omdat 'n leerling

- . nog nie abstrak kan dink nie;
- . nog nie sosiosentriese ontwikkel het nie;
- . nog nie abstrak kan klassifiseer nie;
- . nog probleme het met verinnerlikte taal.

6.8.3 Probleme met sinsverband, dit wil sê verkeerde gebruik van voegwoorde - veral die binêre tipe òf... òf, as ... sal, ensovoorts, opeenvolgende sinne met geen logiese verband nie of die verkeerde volgorde van sinne is die gevolg van

- . die afwesigheid van die kombinatoriese sisteem;
- . verinnerlikte taal.

6.8.4 Foute in die aanbieding, naamlik dat die inhoud onlogies, onsamehangend, duister of onverstaanbaar is, is die gevolg van alle denk- en taalprobleme soos opgesom in paragraaf 5.5.4.

6.8.5 Swak seleksie van stof word weerspieël in die oorbodige informasie wat gegee word. Dié fout spruit voort uit

- . die afwesigheid van sosiosentriese denke;
- . onvermoë om te klassifiseer;
- . egosentrisme.

6.8.6 Probleme wat in paragrawe voorkom, is die volgende:

- . 'n enkele kerngedagte ontbreek;
- . gedagtes is onsamehangend;
- . onvoldoende informasie word gegee;
- . groepering van sinne is foutief.

Hierdie probleme is die gevolg van die

- . onvermoë om abstrak te dink;
- . onvermoë om deduktief te redeneer;
- . onvermoë om abstrakte materiaal (gedagtes) te klassifiseer en te rangskik.

6.8.7 Foute wat by die hantering van die onderwerp voorkom, is die volgende:

- . leerlinge wyk af van die onderwerp;
- . die verhalende tipe word bygebring in beskrywende, feite- of beredenerende opstelle.

Hierdie foute ontstaan weens

- . die leerlinge se onvermoë om abstrak te dink;
- . onvermoë tot omkering;
- . egosentrisme.

6.9 SAMEVATTING EN HIPOTESE

Uit die vorige paragrawe (6.8.1 tot 6.8.7) kan 'n mens aflei dat die gehalte van die opstel deur elk van die genoemde faktore/foute beïnvloed sal word - daar sal 'n regstreekse verband wees tussen hierdie foute en die opstel-punt.

Die foute kan op grond van hulle aard in twee groepe verdeel word, naamlik denkfoute (par.6.8.4 tot 6.8.7) en taalfoute (par.6.8.1 tot 6.8.3). 'n Logiese afleiding sal wees dat sy denkontwikkeling sal bepaal watter denkfoute 'n leerling sal maak en sy taalvermoë sal bepaal watter taalfoute hy sal maak, wat dus impliseer dat 'n leerling se denkontwikkeling en sy taalvermoë die punte

sal bepaal wat hy vir opstelle kry.

Daar is egter nog 'n derde faktor wat die opstelpunt bepaal, te wete 'n leerling se kreatiwiteit. Kreatiwiteit bepaal grootliks die kwaliteit van die denke (par. 4.3) en die kwaliteit van die taalgebruik (par.4.4) en, soos hierbo genoem, bepaal denkontwikkeling en taalgebruik die opstelpunt. Derhalwe is dit logies om te verwag, dat kreatiwiteit ook 'n belangrike invloed op die opstelpunt sal hê.

Die gevolgtrekkings hierbo geformuleer, kan in die volgende algemene hipotese saamgevat word: Daar is verband tussen die opstelpunt en die kreatiwiteit, taalvermoë en denkontwikkeling van leerlinge.

Die hipotese is baie algemeen en omvattend gestel. Om die presiese verband tussen die drie kognitiewe faktore en die opstelpunt te kan bepaal, word hierdie hipotese in verdere hipoteses verdeel sodat alle moontlike verbande ondersoek kan word. Dit sal in hoofstuk 8 gedoen word.

In hoofstuk 7 volg 'n beskrywing van die doel en metode van ondersoek en 'n bespreking van die verskillende meetinstrumente en ander inligting wat gebruik word. Verder word 'n uiteensetting gegee van hoe die proefpersone uitgesoek is. Ten slotte volg 'n bespreking van die statistiese tegnieke wat gebruik is om die gegewens te analiseer.